

'n Literêre en himnologiese blik op Psalm 23

A literary and hymnological glance at Psalm 23

CAS J A Vos

Dekaan, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria

e-pos: cas.vos@up.ac.za



Cas Vos

CAS J A VOS is sedert 2000 Dekaan van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria. Hy is 'n predikant van die Nederduits Gereformeerde Kerk. In 1984 kry hy die graad DD (Sistematiese Teologie) van die Universiteit van Pretoria en in 1990 word hy aangestel as professor in Praktiese Teologie aan die Fakulteit Teologie (Afdeling B). Professor Vos is 'n lid van die internasionale werkgemeenskap, *Arbeitsgemeinschaft für Homiletik* en word in 2004 gekies tot president van die internasionale *Societas Homiletica*. Hy ontvang die *Andrew Murray Toekenning* en die *Van Drimmelen Toekenning* van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy het reeds 110 vakwetenskaplike artikels gepubliseer en is die outeur van verskeie internasionale akademiese boeke waarvan die jongste *Theopoetry of the Psalms* (2005) is. Professor Vos is 'n bekende digter en het reeds etlike digbundels uitgegee, soos *Vuurtong* (1999), *Gode van papier* (2001), *Enkeldiep* (2003), *Die afdruk van ons hande* (2007) en *Intieme afwesige* (2009).

CAS J A VOS has been Dean of the Faculty of Theology at the University of Pretoria since 2000. He is a minister of the Dutch Reformed Church. He obtained the degree DD (Systematic Theology) from the University of Pretoria in 1984 and was appointed professor in Practical Theology at the Faculty of Theology (Section B) in 1990. Professor Vos is a member of the international society, *Arbeitsgemeinschaft für Homiletik* and was elected president of the international *Societas Homiletica* in 2004. He received the *Andrew Murray Award* and the *Van Drimmelen Award* from the South African Academy for Science and Arts. He is the author of 110 scholarly articles and author of various international academic books, the latest of which is *Theopoetry of the Psalms* (2005). Professor Vos is a renowned poet and the composer of anthologies such as *Vuurtong* (1999), *Gode van papier* (2001), *Enkeldiep* (2003), *Die afdruk van ons hande* (2007) and *Intieme afwesige* (2009).

ABSTRACT

A literary and hymnological glance at Psalm 23

In this article, the focus is on the literary and hymnological aspects of Psalm 23. This psalm is analyzed in terms of all its linguistic nuances. A network of metaphors is woven around the motif of the shepherd in Psalm 23. This psalm can be divided into four stanzas which are arranged chiasmically – verses 1b-3: confession/testimony (He-I), verse 4: a prayer of trust (I-You), verse 5: a prayer of trust (You-I) and verse 6: confession/testimony (I-He).

The syntactic and semantic aspects of the Psalm are investigated, while poetic patterns are also considered. Some figures of speech, for instance, metaphors, are scrutinised. Especially the shepherd metaphor captures the attention. The title "shepherd" which is attributed to the ruling

king, is often encountered in the court terminology of the Ancient Near East. In the prologue of the Codex of Hammurabi the king is described as a shepherd who is called by Enlil. This Codex mentions that the gods installed the king's office as shepherd and that they visited him. The motif of shepherd frequently appears in the Old Testament. However, the title "shepherd" is not conferred on the ruling king as was the case in Egypt and Mesopotamia. This title is sometimes ascribed to David (2 Samuel 5:2; 7:7; 24:17), however, it is often used when leaders are accused of neglecting their duties (Ezekiel 34:4 foll.). The metaphor of the host is also illuminated. Yahweh is emphasized as a host. Yahweh is the subject of the verbs in these verses. The result is that Yahweh's deeds are emphasized. The expression "Yahweh prepares a table before me" refers to the fact that Yahweh presents his hospitality to the psalmist. The meal is the proof of Yahweh's protecting and caring nature. Also the literary genre of the psalm is investigated. The psalm is not only a psalm of trust or only one of thanksgiving, because features of both these Gattungen are displayed. The text of Psalm 23 gives us comfort. The psalmist's experiences of comfort, protection and support are expressed. One of the functions of the psalm is to encourage the reader/hearer in difficult times. Thus the psalm is also a psalm of trust.

Attention is furthermore paid to the reception history of the psalm. In this regard, the interpretation of Psalm 23 is traced in the New Testament and in the history of the church. This investigation is necessary, since one relies on one's understanding of the original text when versifying poetry. The Messianic interpretation of Psalm 23 has an important bearing on the liturgy of baptism and the service of Eucharist. During the fourth and fifth centuries and especially in the catechesis of baptism, every verse of Psalm 23 was connected to Christ and to those who met Christ through baptism. The "green pastures" were the supportive words of the Holy Scriptures as embodied by the catechesis of baptism. The "quiet waters" indicated the water with which someone was baptised. The "paths of righteousness" evoked associations with catechesis of baptism; more specifically the ethical principles of behaviour which were connected to these catechesis.

T T Cloete has versified all 150 Psalms for the "Liedboek van die Kerk" (Hymn book of the Church). Cloete's versification of the psalms is based on the interpretation and understanding of the Hebrew text. All the fabrics of the text are followed and versified in Afrikaans. The versification of a text poses its own challenges. These pertain to matters like rhyme patterns, metaphors, the contemporary nature of the versification and the musical requirements (such as, for example, the word/tone relationship) which hang like a sword above the text.

Anyone who dares to versify poetry has to be himself a poet of high quality. Cloete is more than qualified for this task. In this article, his versified poem is analyzed on the level of structure and language. The poetical quality of his work is also considered. Furthermore, the musicological demand of Psalm 23 as a song is taken into consideration. The hand of the poet is restricted by musicological demands. These influence the rhyming words, the syntax, the word order, and even the appropriation of metaphors.

The conclusion reached in this article is that Cloete's versification of Psalm 23 is outstanding indeed. He succeeds splendidly in giving the psalm a theological voice which resounds, as a song, in both mouth and heart.

KEY CONCEPTS: Poetry, hymnology, Psalm 23, New Testament, church history, T T Cloete (1924-), *Liedboek van die Kerk*.

TREFWOORDE: Digkuns, himnologie, Psalm 23, Nuwe Testament, kerkgeskiedenis, T T Cloete (1924-), *Liedboek van die Kerk*.

OPSOMMING

In hierdie artikel word daar gefokus op die literêre en himnologiese aspekte van Psalm 23. Hierdie psalm word in al sy taalgeleding ontleed. Die sintaktiese en semantiese fasette van die psalm word ondersoek. Daar word gelet op poëtiese patrone. Sekere stylfigure, soos metafore, word ondersoek. Daar word ook aandag gegee aan die resepsiegeskiedenis van die psalm. In dié opsig word die interpretasie daarvan in die Nuwe Testament en in die kerkgeskiedenis nagegaan. Hierdie ondersoek is noodsaaklik omdat die omdigting van 'n psalm op die verstaan van die grondteks berus.

T T Cloete het al 150 psalms vir die Liedboek van die Kerk omdig. 'n Omdigter moet self 'n digter van hoë kwaliteit wees om sy hand aan omdigtings te waag. Cloete voldoen by uitnemendheid aan dié vereiste. In die artikel word sy omdigting op struktuur- en taalvlak ontleed. Daar word ook na die poëtiese gehalte daarvan gekyk. Verder word die musikologiese eise wat die lied stel ook in ag geneem.

Die gevolgtrekking waartoe daar in die artikel gekom word, is dat die omdigting van Cloete voortrefflik is. Hy slaag uitmuntend daarin om aan die lied 'n teologiese stem te gee wat singend in harte en monde weerklink.

1. ORIENTASIE

T T Cloete se omdigting van die 150 psalms is gegrond op die uitleg en verstaan van die Hebreuse teks. Die teks is in al sy weefrade gevolg en in Afrikaans omdig. Die omdigting van 'n teks stel sy eie eise. In dié verband word gedink aan die rympatroon, metafore, die eietydse aard van die omdigting en die musikale vereistes (soos byvoorbeeld woord/toon verhouding) wat soos 'n swaard oor die teks hang.

Teen die agtergrond van al die eise en beperkinge word daar in die artikel aandag gegee aan Cloete se omdigting van Ps 23. Voordat die omdigting van Ps 23 beoordeel word, word daar eers na Ps 23 in sy grondvorm gekyk.

2. DIE STRUKTUUR VAN PS 23

'n Netwerk van metafore is opgebou rondom die motief van die herder in Psalm 23. Hierdie psalm kan in vier stanzas verdeel word, wat chiasies gerangskik is – verse 1b-3: belydenis/getuienis (Hy-ek), vers 4: 'n vertrouensgebed (ek-U), vers 5: 'n vertrouensgebed (U-ek) en vers 6: belydenis/getuienis (ek-Hy) (Zenger 1993:152; Vos 2005:116).

3. INTERPRETASIE

Die titel “herder”, wat aan die heersende koning toegedig is, word gereeld in die hofterminologie van die antieke Nabye Ooste gevind (Otto 2002:44-47). In die proloog van die Codex van Hammurabi word hy as 'n herder wat deur Enlil geroep is, beskryf. Die Codex meld ook dat die gode die herdersamp van die koning ingestel het en dat die gode hom besoek het (Boecker 1993:87).

Die motief van die herder word ook in die Ou Testament aangetref. Die titel “herder” was egter nie aan die heersende koning toegeken soos in Egipte en Mesopotamië nie. Die titel was af en toe aan Dawid toegedig (2 Samuel 5:2; 7:7; 24:17). Dit word egter gereeld gebruik wanneer leiers daarvan aangekla word dat hulle hul pligte afskeep (Esegiël 34:4 ev.) (Boecker 1993:88).

In talle gedeeltes van die Ou Testament word Jahwe voorgestel as sy mense se herder.¹ In Psalm 23, waar die motief van die herder 'n sleutelrol speel in die metaforiese dinamiek van die psalm, is die metafoer egter verpersoonlik, dit wil sê “my” herder (vgl. Seybold 2003:207-208). Die metafoer van die herder kom in die eerste stanza voor (vgl. Schuman 2008:42-44). Die nominale sin, “Die Here is my herder” (vers 1b), lei nie net die volgende stiges waar die motief van die herder ontwikkel word in nie, maar dien in alle waarskynlikheid as 'n opskrif en 'n opsomming van die sentrale tema van die psalm.²

Die sin word in die vorm van 'n belydenis aangebied (Van Uchelen 1971:160; Seybold, 1996:101). Die oorfloed wat deur die herder aangebied word (vers 1), word in verse 2-4 verder beskryf as Jahwe se herderlike sorg. Die stelling wat lui: “ek kom niks kort nie”, word verder ontwikkel in verse 5-6 (Schuman 2002:32; Vos 2005:117). Die Naam, Jahwe, word eerste in hierdie nominale sinskonstruksie geplaas om die subjek te benadruk.

In hierdie kunstig saamgestelde psalm word Jahwe nie net aan die begin van die sin geplaas nie, maar ook aan die einde daarvan (vers 6b). Die goddelike aanspreekvorm kom dus twee keer in die psalm voor en vorm 'n raam vir die psalm (O'Connor 1984:229; Spieckermann 1989:274). Hierdie *inclusio* word versterk deur die alliterasie-patroon van “ek kom niks kort nie” (vers 1b) en “ek sal in die huis bly” (vers 6b), asook die eerste persoon werkwoordsvorme “ek kom kort” (vers 1b) en “ek sal bly” (vers 6b) (Prinsloo 1991:34).

Die motief van die herder loop oor in die frase “ek kom niks kort nie” en werp lig op die inleidende stelling “die Here is my herder”. In die eerste stanza word meegedeel dat die digter nie voedsel, sekuriteit of vreugde sal kortkom nie (Prinsloo 1991:45; Schuman 2002:46). In verse 2a 3b word die netwerk van die metafoer van die herder duidelik blootgelê.

In die semi-woestyn van Palestina word groen weivelde en water selde gesien. Die enigste groen plantegroei word gewoonlik rondom die fonteine aangetref. Dus is die kudde afhanklik van 'n goeie herder, wat weet waar om groen weivelde en water te vind waarna hy hulle kan lei. Daar kan die kudde ook skuiling vind teen die ongenaakbare middagson (Zenger 1993:153 154).

'n Goeie herder lei sy kudde op die regte paaie, sodat hulle nie afdwaal of wegraak nie. Die frases “groen weivelde” en “stil waters” weerspieël die oorfloed wat die herder die kudde onder sy sorg kan bied (Miller 1986:114). In die konteks van die motief van die herder en binne die raamwerk impliseer die uitdrukking in vers 3a dat Jahwe 'n bron is van vernuwende krag, wanneer die digter uitgeput is deur die lewe.

In vers 3b word dit duidelik gemaak dat die herder die digter op die regte paaie lei, sodat hy sy eindbestemming kan bereik (Vos 2005:117-118). Die implikasie is dat daar verkeerde afdraaie en gevaarlike paaie is wat die digter eerder kon gekies het (Seybold 1996:102). Die herder ken al die regte paaie waarlangs hy sy kudde lei. Tussen die berge van Juda is daar diep, gevaarlike en donker kranse met talle grotte wat gereeld rowers en roofdiere huisves. Die digter gebruik hierdie beelde om aan te dui dat Jahwe, die herder, saam met sy kudde in die “vallei van die skadu van die dood” is, en ook wanneer die grootste gevare hulle in die gesig staar (Schuman 2002:47; Schuman 2008:107).

Jahwe lei die digter op die regte paaie, maar dit is nie 'n verwysing na die digter wat deur Jahwe gelei word om regverdige dade te doen nie (vgl. Van Uchelen 1971:160). Dit verwys eerder na hoe die digter gelukkig wandel langs Jahwe wat hom bewaar, na sy lewe omsien en voorsiening

¹ Vergelyk Psalm 80:2; Jesaja 40:11; 63:14; Jeremia 23:3; Esegieël 34:10; vgl. ook Psalms 74:1; 79:13 en Hosea 4:16 (Janowski 2006:229-230).

² Vergelyk Miller (1986:113); Mittmann (1980:7); Schuman (2002:32).

maak vir sy redding (vgl. Schuman 2002:47). Die paaie lei nie die digter na verkeerde draaie of na ongeluk nie, maar na redding (Zenger 1993:154). Jahwe lei die digter op die regte paaie “vir sy Naam se onthalwe”, wat regverdigheid en waarheid aandui (Eksodus, 34:6 ev.) (Seybold 1996:102).

In Psalm 23 se struktuur dien vers 4b as die draaipunt en dit word bevestig deurdat dit presies in die middel van die nege stiges van die psalm voorkom.³ Vers 4b is ’n bevestiging van die stelling in vers 4a en verskaf ook ’n voorsmaak van dit wat nog in die res van die psalm verwag kan word. Die eerste deel van hierdie vers is ’n mededeling van vertroue in die teenwoordigheid van Jahwe. Sy persoonlike teenwoordigheid word beklemtoon deurdat Hy direk in die tweede persoon aangespreek word, asook deurdat die persoonlike voornaamwoord “U” aan die begin van die sinskonstruksie geplaas is (Prinsloo 1991:46). Die uitdrukking “U is met my” kan aan die vadertradisie verbind word (Genesis 28:20; 31:5). Hiermee word aangedui dat die teenwoordigheid van die Here ervaar word (Seybold 1996:102).

Die tweede deel van vers 4b dui aan dat die teenwoordigheid van Jahwe ook ’n beskermende teenwoordigheid is. Daar is uiteenlopende sieninge wat betref die betekenis van die uitdrukking “u stok” en “u staf”. Volgens Prinsloo (1991:47) het die twee woorde dieselfde betekenis in hierdie konteks en is dit langs mekaar geplaas as deel van die poëtiese uitdrukking. Deur hierdie tegniek beskryf die psalmis die allesomvattende beskerming van Jahwe. Die “stok” en die “staf” word verlengstukke van Jahwe se handeling met die doel om sy teenwoordigheid te beskryf. Op die voetspoor van Seybold (1996:102), Zenger (1993:229) en Schuman, (2002:47) sien ek die “staf” as ’n wapen wat deur die herder gebruik is om sy kudde teen roofdiere te beskerm. Die “staf” is gebruik om op te leun terwyl hy sy kudde bymekaarmaak en hulle lei.⁴ In Mesopotamië was die herder se staf ’n koninklike simbool. In Egipte het die staf as teken gedien vir die godheid, of as die koning se simbool van beskerming (Boecker 1993:87).

Verse 5a en 5b is ’n voortsetting van die gedagtegang wat in die vorige verse begin het. Die metafore van die herder en die gasheer, wat verwant is aan die rondswerwing wat in Eksodus beskryf word, word gevind in Psalm 78:19 ev., 52 ev. Dit word selfs in Egiptiese tekste oor die songod gevind. Op dié manier word hy beskryf as die “goeie herder” van die volk (Zenger 1993:155; Schuman 2002:42, 48).

Verse 5a en 5b is verbind: beide beskryf Jahwe se handeling deur gebruik te maak van tweede persoon werkwoordsvorme. Die sintaktiese struktuur van die verse is dieselfde, naamlik, werkwoord + bywoordelike frase (Prinsloo 1991:37).

Vers 5b spel nog duideliker as vers 5a die vooruitsig uit wat aan die digter gebied word. Die klem is egter op Jahwe as ’n gasheer (Zenger 1993:155; Vos 2005:119). Jahwe is die subjek van die werkwoorde in hierdie verse. Die resultaat is dat die nadruk op Jahwe se daad val (Prinsloo 1991:47). Die uitdrukking “Jahwe berei my tafel voor” verwys ook na die feit dat Jahwe sy gasvryheid aan die psalmis voorhou. Die maal is die bewys van Jahwe se beskermende en versorgende aard (Prinsloo 1991:47; Zenger 1993:155).

Jahwe berei die maal voor “in die teenwoordigheid van my vyande”, wat slegs hulpeloos kan toekyk (Schuman 2002:48-49). Die spanning wat in vers 4a na vore gekom het, is weereens duidelik. Ooglopend was die digter in een of ander tipe gevaar, en daarom het hy Jahwe se beskerming en herderlike sorg nodig (Prinsloo 1991:47). Vers 5a skets Jahwe se negatiewe aksies teen die vyande en vers 5b beskryf die positiewe, goedgegunstige houding van Jahwe teenoor die

³ Vergelyk Prinsloo (1991:37); Schuman (2002:31, 47); Vos (2005:118).

⁴ Vergelyk Van Uchelen (1971); Jüngling (2001:924); Schuman (2002:47).

digter (Prinsloo 1991:37). In vers 5b word verklaar: “U salf my hoof met olie”. Die salwing met olie deur die gasheer by die aanvang van ’n maal is ’n uitsonderlike eer (Zenger 1993:155; Schuman 2002:48) en geen moontlike gevaar kan Jahwe verhoed om sy gas sy seën te laat ontvang nie. Die olie beeld geluk en oorvloed uit (Van Uchelen 1971:161). Daar is geluk selfs al werp die vyande ’n skadu oor die digter, solank as wat Jahwe die gasheer is. Teen die einde van vers 5b bereik die tema ’n hoogtepunt: “my beker loop oor”. Wyn en ’n oorvloedige beker is simbolies van oorvloed en genieting.

Die vierde stanza (vers 6ab) vorm die hoogtepunt van die psalm. Dit bou voort op die gedagtes wat in die vorige verse uitgedruk is. In 6ab is Jahwe nie meer, soos in die vorige verse, die subjek nie. Jahwe word nie meer direk aangespreek soos die geval in verse 4b-5b was nie; in plaas daarvan praat die digter oor Hom in die derde persoon (vers 6b) (Prinsloo 1991:38). Die partikel wat vers 6a inlei kan vertaal word as “inderdaad/ja”. Dit beklemtoon die bevestiging in die laaste stanza van al die gedagtes wat in die vorige stanzas genoem is (Prinsloo 1991:38). Verse 6a en 6b eindig al twee met sinonieme bywoordelike bysinne; albei benadruk Jahwe se voortdurende beskerming (Prinsloo 191:38). In vers 6a vind ons die woorde “goedheid” en “liefde”, wat letterlik die digter sal “agtervolg”. Die werkwoord “agtervolg” het gewoonlik negatiewe konnotasies. Dit verwys dikwels na vyande wat iemand agtervolg. In vers 6a word die digter nie agtervolg deur vyande nie, maar deur “goedheid en liefde” (Prinsloo 1991:47). Hierdie woorde verwys na die konkrete goedheid en liefde van Jahwe. Sy beskermende aard word uitgelig (Prinsloo 1991:38). Beide die gevolgtrekking van vers 6a en die einde van vers 6b dui aan dat die liefde en beskerming van Jahwe ewigdurend is. Vers 6b sluit weer by die vorige vers aan. Die digter wil terugkeer na die “huis van die Here” (Schuman 2002:27-28, 49; vgl. ook Seybold 1996:102). Die uitdrukking “huis van die Here” is ’n tegniese term wat dui op die tempel. Dit beteken egter nie dat die digter ’n priester of ’n Leviet is, of dat hy letterlik in die tempel bly nie (Prinsloo 1991:48). Die betekenis hier is die diep en voortdurende gemeenskap met Jahwe, die blywende ervaring van sy teenwoordigheid en beskerming en die genieting aan sy tafel (Zenger 1993:156; Vos 2005:120). Dit is moontlik dat die uitdrukking “al die dae van my lewe” kan verwys na ’n lewe aan die ander kant van die graf (Zenger 1993:156). Die stanza som die inhoud van die hele psalm op en verwys na die begin van die psalm, waar Jahwe as die herder beskryf word.

4. LITERÊRE GENRE

Loretz (1974:191) is van opinie dat die psalm nie slegs as ’n vertrouenspsalm of ’n dankseggingspsalm gesien moet word nie, aangesien dit trekke van albei *Gattungen* vertoon. Die teks van Psalm 23 is vertroostend. Die troos, beskerming en versterking wat die psalmis ervaar het word tot uitdrukking gebring. Een van die funksies van die psalm is om die leser/hoorder te bemoedig in moeilike tye. Die psalm is ook ’n vertrouenspsalm.⁵

5. RESEPSIEGESKIEDENIS

Die skrywers van die Ou Testament was kreatief ten opsigte van hulle woordkeuses en beelde om God voor te stel. Hy is ’n koning. Hy is ’n vader wat vir sy kinders sorg. Hy is ook ’n herder wat na sy kudde omsien; hierdie metafoor van Psalm 23 weerklink ook in die Nuwe Testament. Die evangelieverhaal van die vermeerdering van die brood vir die vyfduisend mense bevat ’n aantal

⁵ Vergelyk Gunkel (1926:98); Kraus (1978:336); Deissler (1966:92); Zenger (1993:152); Schuman (2008:29).

verwysings na Psalm 23 (Markus 6:30-44; Matteus 14:13-21; Lukas 9:10-17; Johannes 6:1-14). Net soos die Here die herder is van sy mense, is Jesus die herder wat sy kudde versorg. Met 'n toespeling op Psalm 23 verskaf Jesus rus en lafenis vir dié wat uitgeput is (Psalm 23:5) en in die geval van die dissipels verskaf Hy só 'n oorvloedige maal dat die dissipels dit moeilik vind om die oorblyfsels saam met hulle te neem (Markus 6:43).

Jesus is 'n herder wat die lot van sy skape op die hart dra. In Matteus is daar 'n aangrypende teks wat ons heelwat vertel van Jesus se herderlike sorg: “Kom na my toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig” (Matteus 11:28-30).

'n Herder met 'n sagte hart sal nie rus voordat hy die verlore skaap gevind het nie. Jesus is só 'n herder. Sy hart rus nie voordat hy nie sy verlore skaap gevind het nie. Die skrywer van die vierde evangelie het verskeie beelde en voorstellings saamgevoeg tot die bekende metafoor van die goeie herder. “Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape ... Ek ken my skape en my skape ken My ...” (Johannes 10:10-18) (Van der Watt 2000:54-92).

In die eerste eeue na Christus het 'n groot aantal eksegetiese werke en kommentare uit die geleedere van die Judaïsme die lig gesien: die *midrashim* (Siegert 1996:195-196). Die metode om tekste te verklaar word ook in die Qumran-rolle en sekere dele van die Nuwe Testament toegepas – Bybeltekste is langs mekaar geplaas, sodat die interpretasie van die een woord lig werp op die interpretasie van 'n volgende een. Dit was 'n speelse, dog dikwels diepsinnige metode, waardeur die teks soos krale aanmekaar geryg is, terwyl elke kraal 'n spesifieke perspektief op die waarheid verteenwoordig het.⁶

Die oorgrote meerderheid van die psalms (143) bevat 'n soortgelyke midrash, die *Midrash Tehillim*. Dit was 'n vroeë middeleeuse versameling van verduidelikings en homilië, waarvan sommige gedurende dieselfde tyd as die vroeë Christelike geskrifte tot stand gekom het. Dit is nie 'n deurlopende, vers-vir-vers kommentaar op die psalms nie, maar eerder 'n reeks kenmerkende uitsprake waardeur die rabbi's lig gewerp het op ander tekste en temas (Schuman 2002:64).

In een van die versamelings van die midrash op Psalm 23 word Dawid eksplisiet genoem waar hy van Saul af wegvlug. Die vallei van die skadu van die dood in Psalm 23:4 is die woestyn van Sif, waar Saul Dawid agtervolg (1 Samuel 23:14-28). Die vyande wat in Psalm 23:5 genoem word, is die Edomitese Doëg (1 Samuel 22:9-23), of Agitofel, Dawid se raadgewer (2 Samuel 15:31; 16:15-23). Volgens hierdie eksegeese is die “ek” die historiese Dawid (Schuman 2002:64).

In ander versamelings verbind die rabbi's die “ek” met die godsdiensgemeenskap van Israel. Met verwysing na Psalm 23:5 (die salwing van die hoof) word ook melding gemaak van die “messias-koning, wat gesalf is met die olie van redding” (Dawid). Hierdie bybelse tekste word gebruik om ons te herinner aan die eksodus uit Egipte en van die ballingskap. Die vertroosting waarvan daar in Psalm 23:4 gepraat word, word gekoppel aan 'n roep tot vertroosting in Jesaja 40:1. In dieselfde konteks (ballingskap, woestyntog) kan ons vertroosting verstaan in terme van die Tora en sy vermanings (Schuman 2002:64). Die midrash van Psalm 23 plaas die psalm direk en indirek in die konteks van die verbondsverhouding: “Ek is julle God, julle is my volk”. In hierdie verband kan daar verwys word na Eksodus 20:2; Jeremia 31:9 en Esegieël 34:31 (Schuman 2002:65-66).

⁶ Vergelyk Schuman (2002:63-64); Maier (1996:108-120); Dohmen (1998:53-55); Rouwhorst (2004:152-155).

Beide die Talmoed en die Aramese vertaling (Targum) maak ’n verbintenis tussen Psalm 23:5 en die tog deur die woestyn. In Psalm 23:5 (“U berei vir my ’n tafel voor”) sien die rabbi’s ’n verwysing na die manna waarmee Jahwe sy volk in die woestyn gevoed het, sodat hulle niks kortgekom het nie.

Die Jode en die nie-Jode wat Jesus van Nasaret as Israel se Messias erken het, was verantwoordelik vir die verchristeliking van die psalms. Enkele verse, dele van verse, of psalms in hul geheel is met Christus geassosieer. Die psalms is gelees, opgesê en gesing met ’n messiaanse inslag. Christene het nie net hul eie stemme nie, maar ook die stem van Christus met die “ek” in die klaagliedere geassosieer.⁷ Tertullianus (*Contra Praxeas* 11) stel, byvoorbeeld, dat “Amper al die psalms die Persoon van Christus bekendmaak; hulle lê aan ons die Seun voor, wat met die Vader praat, dit is, Christus wat met God praat”.

Die Messiaanse interpretasie van Psalm 23 het ’n verwantskap met die doopliturgie en die nagmaalsdiens. In die vierde en vyfde eeue, en veral in die doopkategismus, is elke vers van Psalm 23 met Christus verbind en aan hulle wat Christus ontmoet het deur die doop (Schuman 2002:72). Die “groen weivelde” is die versterkende woorde van die Heilige Skrif, soos dit deur die doopkategismus beliggaam word. Die “stil waters” dui die water waarmee gedoop word aan. Die “paaie van geregtigheid” roep assosiasies met die doopkategese op; meer spesifiek, die etiese gedragsbeginsels wat aan hierdie kategese gekoppel is. Die bekende prediker en askeet Chrysostomos het dit verbind met die spesiale “weg” van maagdelikheid en onthouding gedurende weduweeskap en die huwelik. Die “vallei van die skadu van die dood” was ook gekoppel aan die weg van die Christuskind. Die “tafel” van Psalm 23 is die nagmaalstafel. Satan kyk in weemoed toe terwyl die tafel vir die dopelinge voorberei word.

Volgens Chrysostomos verteenwoordig die “vyande” aardse versoekinge en plesiere, asook die eer van die “ou” self, maar nou kan die vyande slegs van die kantlyn af toekyk. Dié wat rondom die tafel vergader is, is met heilige olie gesalf. Dit word verbind aan die *chrisma* (salwing) in die kategismus. Die verblyf in die “huis van die Here”, of die terugkeer na sy huis, word ’n werklike en toekomstige betekenis toegeskryf in die patristiese interpretasie. Dit verwys eerstens na die nabyheid van die Here in mens se persoonlike lewe, maar veral na die gemeenskap wat met die nagmaal gepaard gaan. In die tweede plek dui dit die ewige verblyf in die huis van die Vader aan (Schuman 2002:72-77).

Psalm 23 het ook ’n invloed gehad op die reformatore, Luther en Calvyn. Volgens Luther is die beeld van die herder ’n “beeldskone allegorie”. Die “groen weivelde” is ’n verwysing na die bevrydende Woord van God. Die herder se staf is God se Woord, wat, as dit nodig is, ons kan tereg wys (die Gebooie). Die “staf” verteenwoordig die Woord, die vertrou en die beloftes waarop ons kan staatmaak. Luther beskou die herder as niemand anders as Christus nie, “ons liewe Heer”. Luther wys ook op die versoekings waarna daar in die psalm verwys word. In teenstelling tot die innerlike twyfel en uiterlike vyandigheid, is daar vertroosting in die Woord en by die nagmaalstafel (Schuman, 2002:80).

Calvyn verbind Psalm 23 met die historiese Dawid. Hy meen dat Dawid dit geskryf het as ’n himne van danksegging terwyl hy koning was. Die beelde impliseer Dawid se bekentenis dat hy in vergelyking met die Here bloot ’n arme skaap is. Calvyn verduidelik die frase “skadu van die dood” (Psalm 23:4) as ’n verwysing na die donker grotte van die gediertes wat dodelike vrees inboesem. Dit is opmerklik dat Calvyn nie enige verbinding met die doop sien nie. Net so verbind hy ook nie Psalm 23:5 met die nagmaal nie, maar bespreek die oorvloedige seëninge en die tafels

⁷ Vergelyk Reemts (2000:12-13, 16-20); Schuman (1998:165-175); Schumann (2002:67).

gelaai met kos, terwyl hy terselfdertyd mense waarsku om matigheid toe te pas. Volgens Calvyn verwys die frase “in die huis van die Here bly” na die lewe in die hemel, dit wil sê “hoër as al die aardse vreugdes” (Schuman 2002:81).

Die resepsieskiedenis kom nie net in die teologiese tradisies voor nie, maar ook in die liturgiese tradisies. Die uitmuntende omdigting van al 150 psalms deur die digter T T Cloete is hiervan ’n sprekende voorbeeld. Vervolgens word aan Cloete se omdigting van Ps 23 aandag gegee.

6. ’N POËTIESE EN HIMNOLOGIESE EVALUERING VAN PS 23

Volgens Niek Schuman (2008:28-29) het geen psalm in sowel die Joodse as Christelike spiritualiteit neerslag gevind soos Ps 23 nie. Van Rooy (2008:378-379) bevestig in haar studie hierdie bewering.

T T Cloete se omdigting van Ps 23 lui soos volg:

My Heer, my herder, laat my niks ontbreek nie.
Daar waar dit groen in oorvloed is, daar mag ek wei.
Hy sorg vir my, laat my nooit in die steek nie.
Na waters van die rus word ek deur Hom gelei.
Hy lei my altyd op die regte weë
ter wille van sy Naam volg ek gedweë.

Ek sal die dood se donker dal nie vrees nie.
Ek moet daar deurgaen, maar ek weet U is by my.
Alleen en sonder U sal ek nooit wees nie
en in u hande sal ek altyd veilig bly.
Geen duisternis vrees ek en ook geen kwaad nie
want u vertroosting sal my nooit verlaat nie.

Totdat dit oorloop, Heer, vul U my beker.
’n Feesmaal word vir my as eregas berei.
Van gasvryheid word ek deur U verseker.
U salf my hoof, u tafel is oorlaai vir my.
Ek bly by U, Heer, in u huis van voorspoed
en lewenslank deel ek daar in u oorvloed.

6.1 Struktuur en tekstuur

Die omdigting van Cloete bestryk drie strofes. Hy maak van ’n a-b-a-b-c-c rymskema gebruik. Die rymskema het nie slegs musikologiese betekenis nie, maar dit lei ook tot versbinding. In die c-c rympatroon val die klem op die handeling van die Here. Die hoogtepunt is dat die omdigting uitloop op die lewenslange oorvloed in die Here se huis van voorspoed. Die *oorvloed* word ook beklemtoon deur die gebruik van die woord *oorvloed* in strofe 1, reël 2 en in strofe 3, reël 6. Die *dood* word as *donker* beskryf in strofe 2, versreël 1. In strofe 2, versreël 5 word daar na *duisternis* verwys. Die dubbele verwysing lê klem op die teenwoordigheid van die Here in die dood se donker dal. Daar is ook sprake van die Here wat *niks laat ontbreek nie* in strofe 1, versreël 1. In strofe 2, versreël 6 word daar ’n verwysing na vertroosting wat die digter nooit sal verlaat nie.

Sinonieme word gebruik om aan te dui dat die herder niks laat ontbreek nie en dat sy vertroosting die digter nooit sal verlaat nie. Die patroon van herhaling kom ook voor deur die gebruik van *nooit* in strofe 2, versreël 3 en strofe 2, versreël 6. Nooit, want die herder is teenwoordig. Die sleutelwoorde, *U is by my*, in strofe 2, versreël 2 en *Ek bly by U* in strofe 3, versreël 5, is nog 'n bevestiging van die herhalingspatroon wat Cloete so vernuftig gebruik.

Deur die dubbele stelling, *My Heer, my herder*, lê Cloete klem op die vooropstelling van die Naam van die Here. Die metafoer, herder, wat aan Heer verbind word, gee 'n unieke kleur aan die omdigting. Die Here is die herder. Hy tree op soos 'n herder. In die volgende twee strofes word die optrede van die herder toegelig. Hy lei die digter na daar waar dit groen in oorvloed is; hy sorg, hy lei hom na waters van rus.; hy lei hom op die regte weë. In strofe 1, versreël 5 word die passiewe vorm gebruik en in die 6^{de} versreël word die aktiewe vorm gebruik. Hiermee word ooglopend klem geplaas op die herder se leiding.

Ook in die dood se donker (strofe 2, versreël 1) word die herder se teenwoordigheid ervaar. Hoewel Cloete nie die stok en staf beeld gebruik nie, kom die betekenis van die stok en die staf duidelik na vore. Die stok se betekenis kom in die *nie vrees nie* (tweemaal) en die staf in die veiligheid *in die herder se hande* voor.

In strofe 3 gaan dit om die vreugde in die Here se teenwoordigheid. Woorde soos *oorloop*, *oorlaai*, *voorspoed* en *oorvloed* is semanties verweef en benadruk die geluk wat die digter in die Here se teenwoordigheid beleef. Daar is hy 'n eregas waar hy van die Here se gasvryheid verseker word. Die geluk en oorvloed is nie net vir 'n oomblik nie, maar lewenslank. Wat in Cloete se omdigting opval, is die ontvouing van die metafore, herder en gasheer. Hierdie omdigting is nie net wat struktuur betref nie, maar ook wat taal betref, fyn en kunstig geweeft.

7. **TEOLOGIE**

In sy omdigting van Ps 23 het Cloete die grondteks sy eie gemaak voordat hy begin omdig het. Hy het sy omdigting keer op keer aan die grondteks getoets. Sy omdigting is daarom 'n getroue omdigting van die grondteks.

Die omdigting is teologie in 'n lied. Dit is 'n teologie van vertrou. Die omdigting begin met 'n belydenis dat die Here ons herder is. Dit is ook 'n lied van bemoediging. In die lied is 'n teologie waarin die Here sentraal staan en waarin Hy as herder en gasheer vir die gelowiges sorg. Op die Here kan mens vertrou en aan Hom kan mens lewenslank vashou. By Hom vind mens rus en is hy tuis. By Hom is daar lewenslank oorvloed.

8. **MUSIKOLOGIE**

Die digtershand word in toom gehou deur die musikologiese eise. Dit het 'n invloed op die rymwoorde, die sintaksis en die woordorde. Selfs die gebruik van metafore word daardeur beïnvloed. Van Rooy (2008:497; vgl ook Strydom, 1994:257-258) toon aan dat die saak van woord-toonverhouding van die grootste belang by die skep en beoordeling van 'n berymde psalm is. Die kommunikasie van die kerklied word immers gedra deur die woorde en die melodie (Van Rooy 2008:301). As Cloete se omdigting aan die musikologiese eise gemeet word, munt dit uit in harmonie en toonakkurate aksente.

8. SLOTNOOT

Op strukturele, taal- en poëtiese, teologiese en musikologiese vlakke is T T Cloete se omdigting van Ps 23 uitmuntend. Die omdigting sal ook lewenslank gesing word.

Hierdie artikel word opgedra aan ’n digter wat die omdigting van die psalms sy lewenstaak gemaak het. Hy het die taak manjifiek voltooi. En nou kan harte en monde gevul word met lof, dank, klag, wysheid en lewensvreugde.

BIBLIOGRAFIE

- Boecker, H.J. 1993. “Du sollst dem Ochen, der da drischt, das Maul nicht verbinden” – Überlegungen zur Wertung der Natur im Alten Testament. In Janowski, B., Neumann-Gorsolke, U. & Gleßner, U. (reds.). *Gefährten und Feinde des Menschen. Das Tier in der Lebenswelt des alten Israel*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag, pp.67-89.
- Cloete, T. T. Psalm 23. In *Liedboek van die Kerk*. NG Kerk Uitgewers: Kaapstad.
- Deissler, A. 1966. *Die Psalmen. I. Teil (Ps 1-41)*. (3. Aufl.). Düsseldorf: Patmos.
- Dohmen, C. 1998. *Die Bibel und ihre Auslegung*. München: C.H. Beck.
- Janowski, B & Scholtissek 2006. Gottesbilder. In Berlejung, A. & Frevel, C. (Herausgegeben von). *Handbuch theologischer Grundbegriffe zum Alten und Neuen Testament*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- Gunkel, H. 1926. *Die Psalmen II/2*. (4. Aufl.). Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Jüngling, H.W. 2001. Psalmen 1-41. In Eynikel, E., Noort, E., Baarda T. & Denaux A. (Hrsg.). *Internationaal Commentaar op de Bijbel. Band I* (2^{de} uitgawe). Kampen: Kok, pp. 900-948.
- Kraus, H.-J. 1978. *Psalmen. I. Teilband: Psalmen 1-59*. (5. Aufl.). Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.
- Loretz, O. 1974. Psalmenstudien III (Psalm 23). *UF* 6:187-191.
- Maier, J. 1996. The Bible and Qumran. In Sæbø, M. (ed). *Hebrew Bible / Old Testament. The History of Its Interpretation. I/1: Antiquity*. Vandenhoeck & Ruprecht: Göttingen.
- Miller, P.D. 1986. *Interpreting the Psalms*. Philadelphia: Fortress Press.
- Mittmann, S. 1980. Aufbau und Einheit des Danklieds Psalm 23. *ZThK* 77:1-23.
- O’Connor, C. 1984. The structure of Psalm 23. *LS* 10(3):206-230.
- Otto, E. 2002. Politische Theologie in den Königpsalmen zwischen Ägypten und Assyrien. Die Herrscherlegitimation in den Psalmen 2 und 18 in ihren altorientalischen Kontexten. In Otto, E. & Zenger, E. (Hrsg). “*Mein Sohn bist du*” (Ps 2,7). *Studien zu den Königpsalmen*. Stuttgart: Verlag Katholisches Bibelwerk.
- Prinsloo, W.S. 1991. *Die Psalms Leef!* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- Reemts, C. 2000. *Schriftauslegung: Die Psalmen bei den Kirchenvätern*. Stuttgart: Katholisches Bibelwerk (Neuer Stuttgarter Kommentar Altes Testament 33/6).
- Rouwhorst, G. 2004. Kerkvaders en rabbijnen lezen Psalm 23. In Barnard, M., Heitink, G. & Leene, H. (reds.). *Letter en Feest. In gesprek met Niek Schuman over bijbel en liturgie*. Zoetermeer: Meinema, pp.143-157.
- Schuman, N.A. 1998. De Psalmen. In Oskamp, P. & Schuman, N. (reds.). *De weg van de liturgie: Tradities, achtergronden, praktijk*. Zoetermeer: Meinema, pp.165-175.
- Schuman, N.A. 2002. *Pastorale: Psalm 23 in Bijbel en Liturgie verwoord en uitgebeeld*. Zoetermeer: Meineima.
- Schuman, N.A. 2008. *Drama van crisis en hoop: De psalmen: gedicht, gebundeld en gebeden*. Zoetermeer: Meineima.
- Seybold, K. 1996. *Die Psalmen (Handbuch zum Alten Testament 1/15)*. Tübingen: Mohr-Siebeck.
- Seybold, K. 2003. *Poetik der Psalmen*. Stuttgart: Kohlhammer.
- Siegert, F. 1996. Hellenistic Jewish midrash. In Sæbø, M. (ed.). *Hebrew Bible / Old Testament. The History of Its Interpretation. I/1. Antiquity*. Vandenhoeck & Ruprecht: Göttingen.

- Spieckermann, H. 1989. *Heilsgegenwart. Eine Theologie der Psalmen*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Strydom, W.M.L. 1994. “*Sing nuwe sange, nuutgebore*”. *Liturgie en Lied*. Bloemfontein: NG Sendingpers.
- Van der Watt, J.G. 2000. *Family of the King. Dynamics of Metaphor in the Gospel of John*. Brill: Leiden.
- Van Rooy, J.H. 2008. *Die Psalmboek 2003 as kommunikasiemiddel in die liturgie van die erediens in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika: 'n Himnologiese studie*. PhD. proefskrif. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.
- Van Uchelen, N.A. *Psalmen I*. Nijkerk: Callenbach (POT).
- Vos, C.J.A. 2005. *Theopoetry of the Psalms*. London: T&T Clark.
- Zenger, E. 1993. Psalmen. In Hossfeld F.-L. & Zenger E. (Hrsg.). *Die Psalmen I. Psalm 1-50*. Würzburg: Echter Verlag.
- Zenger, E. 1997. *Die Nacht wird leuchten wie der Tag. Psalmenauslegung*. Freiburg: Akzente.